

19 Julie

Skrifgedeelte: Jesaja 36-37

Fokusgedeelte: Jesaja 37:30-35

God verlos op 'n wonderlike wyse

Die laaste vier hoofstukke van die eerste gedeelte van Jesaja kom baie ooreen met gedeeltes in 2 Konings. Dit is nie heeltemal seker hoekom die gedeeltes hier herhaal word nie.

Tog pas die geskiedenis van Jesaja 36 en 37 goed in by 'n groot deel van die boodskap van die eerste gedeelte van Jesaja. In die tyd van Jesaja was Assirië die grootste bedreiging vir die volk van God. Teen die tyd van die gebeure wat in Jesaja 36 en 37 beskryf word, was dit al vir 20 jaar verby met die Noordelike Ryk. Samaria is verwoes en die mense is in ballingskap weggevoer. Nou het Assirië ook vir Jerusalem beleër en die moontlikheid was daar dat die einde van die Suidelike Ryk ook sou kon aanbreek. Juda en Jerusalem sou tog nie staande kon bly teen die magtige Assiriese Ryk nie!

Ook Sanherib, die Assiriese koning, het gedink dat dit net maar 'n kwessie van tyd was voordat Jerusalem sou val. Egipte sou hulle nie kon help nie – en nog minder die Here, die God van Juda. Só het Sanherib en sy bevelvoerders die Here gesmaad. Ook koning Hiskia en sy beamptes het gedink dat dit klaar was met hulle.

Toe het die Here egter op 'n wonderlike manier redding gegee. So het Hy getoon dat selfs die sterkste mag ter wêreld niks meer is as 'n instrument in God se hande nie.

Al lyk dit soms of 'n mens se wêreld ineenstort, moet ons onthou dat God in beheer is en dat Hy op 'n wonderlike wyse uitkoms kan gee.

Sing: Psalm 1:1, 2

Prof HF van Rooy (Teologiese Skool Potchefstroom)